# 9 November 2023 - Lesing 171 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***
Oor Matigheid en kastyding – 2/11/60

**NO: 7736** Wat julle ookal mag beweeg om in soberheid te lewe, - julle mag daardeur julle liggaam nie verswak nie, want dit gee Ek julle **sodat julle siele daarin tot rypheid kan kom** en julle het die plig om te sorg vir die houer van julle siel solank julle op aarde leef.

Julle sal begryp dat 'n verswakte liggaam nie die taak kan vervul wat hy deur die lot toegewys was nie en Ek wil waarlik nie dat julle julleself ongeskik maak nie, **ook vir die arbeid wat julle aards het om te verrig**.

En ook julle geestelike ontwikkeling maak Ek nie daarvan afhanklik **dat julle julleself kasty** nie, dat julle nie julle liggaam weerhou van wat hy nodig het vir sy instandhouding nie, wat dien om hom gehard te maak.

In die aardse lewe word eise aan julle gestel wat julle moet nakom om ook **'n bruikbare lid van die mensdom te wees**. En daartoe het julle ook krag nodig, wat julle steeds weer moet vernuwe deur die liggaam spys en drank te besorg **in die korrekte hoeveelheid.** Maar julle moet nie die perke te buite gaan nie, want dit is waarlik nie van nut vir julle nie.

**Maar julle moet ook die liggaam geen gebrek laat ly en hom daardeur verswak nie**, want so iets wil Ek nie, Wie julle volgens die wette van die natuur geskape het, dus die liggaam nie verniet funksies gegee het wat sy lewe ondersteun nie, wat daarvoor moet sorg solank dit My Wil is.

En julle moet My Wysheid eerbiedig wat die menslike liggaam presies so geskape het as wat julle hom nodig het **om vir julle siel die houer te wees waarin sy haar taak op aarde moet vervul om ryp te word vir die geestelike ryk**.

Maar bowendien moet daarop gelet word dat julle julleself **hou aan die natuurwette**, waar sowel 'n "teveel" asook 'n "te min" verkeerd is, dat julle maat moet hou in alle dinge, maar dat julle deur oormatige kastyding die liggaam ongeskik maak vir sy taak, soos ook omgekeerd elke teveel uit die bose is en die siel geestelike skade kan oplewer.

En daarom: Hou julle eenvoudig aan die natuurwette en **leef eenvoudig en beskeie - en steeds vraend om My seën.** En niks sal julle skade berokken nie, niks sal julle geestelike rypwording beïnvloed nie, julle liggaam sal nie vroegtydig verswak wees en ook van sekere siektes sal julle verskoon bly, **wanneer julle nie teen die natuurwette sondig nie,** - wanneer julle ook aan julle liggaam 'n geestelike taak toeken en hom help deurdat julle hom gesond hou en hom nie ontneem wat hy nodig het vir sy bestaan nie.

En vra slegs daarom, dat julle steeds die korrekte maat insien, - **dat die liefde vir die liggaam nie groter is as die vir die siel nie**, - vra daarom dat Ek julle liggaam steeds die krag sal gee om sy taak op aarde te verrig.

En wanneer julle so julle beste doen om My Wil binne te gaan, dan sal ook **geen siekte julle meer skrik aanjaag nie, want dan weet julle dat ook dit alleen maar daarvoor sorg om liggaam en siel te vergeestelik**.

Maar probeer so 'n vergeesteliking **nie deur kastydinge te bereik** wat in stryd is met die natuurwette nie, wat ook 'n gesonde liggaam siek kan maak, wat dan egter julle eie skuld is.

Oorwin alle begeertes wat nie dien om die liggaam in stand te hou nie, stry daarteen, dan leef julle in die korrekte maat en julle siel sal ook ryp kan word.

Dog in elke oordrywing skuil 'n nadeel vir die siel, omdat die mens **deur 'n sekere geestelike hoogmoed of eersug gedrewe word om iets buitengewoon te presteer** terwille van die rypheid van sy siel.

Maar soos Ek die liggaam geskape het, so moet hy julle ook dien. Die liggaam moet gegee word wat hy volgens die natuurwette verlang. Dan sal hy ook sy taak vervul as houer vir die siel om haar te help om ryp te word en hy sal die tyd goed bestee wat hy volgens My Wil gestel is op aarde. Amein.